

3 September

Skrifgedeelte: Johannes 7:37 – 8:11

Fokusgedeelte: Johannes 8:8 en Jeremia 17:13 (OAV)

Waar staan jou naam geskrywe?

Die insident van Johannes 8 vind plaas die dag ná afloop van die Loofhuttefees. Op die laaste dag van die fees het 'n priester 'n goue waterkruik vol “lewende” water uit die opborrelende Siloam-fontein op die altaar se fondament uitgegiet. Die volk se aandag is met basuingeklank van trompette op hierdie water-handeling gevestig.

Dit is op hierdie moment (terwyl die volk in dankbare herinnering terugdink dat die Here hulle dors ná die woestynomsweringe met die fonteine van die beloofde land geles het, en terwyl hulle aandag by die water-handeling by die altaar was) dat Jesus uitroep: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom ...!” Jesus toon hiermee aan dat Hý die vervulling van die loofhuttefees is en dat die ware “lewende water” heenwys na die Heilige Gees wat Hy ons gee.

Daar was twee tipes reaksie: Baie het geglo Hy is die Christus. Ander (o.a. die Fariseërs) het Jesus verwerp en sy dood beplan! Johannes 8:1-11 pas hier in! Hulle bring 'n vrou na Hom wat op die daad van owerspel betrap is, om Hom te beskuldig! Jesus buk neer en skryf met sy vinger op die grond! Wat skryf Hy? Jesus skryf die name van die Fariseërs wat HOM verwerp op die grond! “O HERE, verwagting van Israel! Almal wat U verlaat, sal beskaamd staan; wie van My afwyk, sal op die aarde geskryf word; want hulle het die HERE, die fontein van lewende water, verlaat” (Jer 17:13).

Daar is twee plekke waar Jesus jou naam kan skrywe: óf op die aarde (Joh 8 en Jer 17), óf in die boek van die lewe! (Openb 7:9 ev). Waar staan jou naam geskrywe?

As jy jou sonde ken, as jy honger en dors na die geregtigheid: kom na Hom, die fontein van lewende water, werp jou sondige self in geloof voor sý voete neer, en hoor: “Ek veroordeel jou ook nie, gaan heen en sondig nie meer nie” sodat ons eendag kan deel wees van die loofhuttefees in die koninkryk van God en met palmtakke in die hande voor Hom kan verskyn! Sing: Psalm 84:3, 6 (1936)

Ds SJMS Smit (Pietersburg-Noord)